UITGAWE 14 | JAARGANG 22 | 30 AUGUSTUS 2024

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

## KONINKRYKSTYD

NG Kerk Vrystaat

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

VENNOTE IN GETUIENIS
**Afrika-Ekumene** | *Ons Geloofsfamilie in Zambië gaan van krag tot krag - en ons is deel daarvan*

## 05 ARTIKELS

05 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Missie Japan** | *Klein, maar getrou: Die kerk in Japan*

06 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Getuienisaksies** | *Kernpunte oor die belydenis dat Jesus waarlik God en waarlik mens is*

07 | BEDIENINGSBEGELEIDING
**Predikante Netwerk** | *Ontdek en ontgin gedragsbekwaamhede - Sentrum vir Predikantebegeleiding (Fase 2)*

08 | BEDIENINGSBEGELEIDING
**VBO Netwerk** | *"Neem, lees!" - insiggewend en verrykend*

09 | ALGEMEEN
**Bybelkoerant** | *Gelowig nagedink oor die erediens: Gemeentesang*

## 12 VERBI DIVINI MINISTER

EREDIENS NETWERK
**Janke Hurter** | *Is dit "able-ism" waaraan ons ly?*

## 13 CLARENS HERMITAGE

LEIERSKAP NETWERK | *Bespreek vandag!*

## 15 DIS 'N RING-DING

RING VAN SUIDOOS-BLOEMFONTEIN | *Ondersteun bedieningsopleiding en barmhartigheid*

## 17 UIT DIE FAKULTEIT

FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE (UV)
**Annéli Machin** | *Grieks is nie Grieks nie*

## 18 MEDIATEEK

BOEK EN INVENTARIS
**Mwawi N. Chilongozi and Kenneth R. Ross** | *The Church of Central Africa Presbyterian 1924-2024: A Centenary Assessment*

## 19 EKOLOGIE

Natuurrampe | *"Ek is nou keelvol!"*

## 20 VERJAARSDAE

## 21 AKTUEEL ALGEMEEN

21 | Deon Loots - *CLF Boekreeks Dissipelskap*
22 | *Women in Church Leadership! Featuring dr Nioma Venter*
24 | Advertensies

## 25 OPLEIDING

## 27 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 28 WAT'S NUUS? KALENDER VAKATURES AFLOSLERAARS

## 29 'N LAASTE GEDAGTE

Mias Nortier | *'n Unieke Koning vir Koninkrykstyd*

## 30 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Unsplash
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal | Enrico Casaleggio | Jaco Thom André Barlow | Janke Hurter Mias Nortier | *Bybelkoerant South African Council of Churches* | *Kerkbode* | *CLF VrydagNuus*, Kaapkerk | TOIBO *Bybel-Media* | *Bybelgenootskap*

---

## KONINKRYKSTYD

'n Tyd waar ons fokus op die heerskappy en vestiging van God se koninkryk hier op aarde.

**Fil 1:27** | *Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie ...*

## DAGBOEK DÍT

**GERONTOLOGIE NETWERK**

*Kry nou al jou boedeldokumente in plek*

**11 September** | **09:30 - 11:30**
Engosaal, Westerbloem

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 13 September**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


BYDRAES EN NAVRAE
cmclean@ngkvs.co.za

# CELICIA MCLEAN

ngkerkvrystaat.co.za







*Foto (verskaf):*
***Magwero, Skool vir die Blindes***

# Ons **Geloofsfamilie in Zambië** gaan van krag tot krag

## *- en ons is deel daarvan*

*Deur Mariëtte Odendaal*

*"Tydens hierdie sinodesitting het ek weer opnuut in aanraking met my teologiese hartklop gekom, naamlik getuienisbediening, of sending. Tydens die preek en sang het ek weer opnuut onder die besef gekom van hoe die Here sy kerk in stand hou; dat ons as instrumente in die Here se hande deel vorm van 'n klein skakeltjie in die groot ketting van God se Koninkryk. Ek het 'n diep geestelike ervaring daar beleef."*

***Dr Dawie Botes***
***Ondervoorsitter: NG Kerk Vrystaat-moderatuur***

Dit raak jou baie diep as jy vir die eerste keer die aanbidding van Christus in een van ons familiekerke in Afrika ervaar. Behalwe die hemelse harmonisering van vierstemmige liedere sonder die begeleiding van musiekinstrumente, is dit veral die groot getalle lidmaatbywoning van eredienste en die wete dat dit die vrug van toegewyde sendingwerk is, wat jou sal aangryp.

Hiervan kan dr Dawie Botes, ondervoorsitter van die NG Kerk Vrystaat-moderatuur getuig nadat hy van Maandag 12 tot Vrydag 16 Augustus as afgevaardigde van die NG Kerk Vrystaat op besoek was aan die ***Dutch Reformed Church in Zambia*** (DRCZ)-gemeente en die ***Reformed Church in Zambia*** (RCZ).

### Die DRCZ-gemeente, 'n unieke multi-kuturele kerk

Die DRCZ-gemeente is 'n unieke kerk wat deel is van die Noordelike Sinode van die NG Kerk en die mees noordelike NG-gemeente in Afrika. As multi-kulturele gemeente word hul dienste in beide Afrikaans en Engels aangebied. Dr Botes is deur ds Willem Schoeman, predikant van hierdie besondere gemeente, op die lughawe van Lusaka verwelkom en na sy gemeente geneem waar hy ook dr Moses Zulu, ds Schoeman se medeleraar, ontmoet het.

**Lees meer** »

NG Kerk
Vrystaat

*Lig in die duisternis, hier vir God, mekaar en die wêreld*

# BUITENGEWONE SINODESITTING 2024

## KOPANO NOKENG | BLOEMFONTEIN

REGISTREER HIER »

**3 Oktober 2024**

VENNOTE IN GETUIENIS

# Klein, maar getrou
# **Die kerk in Japan**

**Missie Japan**
*Oorgeneem uit Kaapkerk*






***Foto:*** *Yoshitsugu Ohnishi en dr Stéphan van der Watt (verskaf)*

Kaapkerk gesels met Stéphan van der Watt, 'n sendeling wat al meer as 15 jaar in Japan werk, en Yoshitsugu Ohnishi, 'n Japannese pastoor en dosent in Ou Testament-studies, oor die werk van Missie Japan, 'n vennootskap tussen die NG Kerk in Suid-Afrika en die Gereformeerde Kerk in Japan.

Hulle deel hul ervarings van die verspreiding van die Evangelie in 'n land waar minder as 1% van die bevolking Christene is, en hoe diakonale werk 'n kragtige uitdrukking van Christus se liefde in aksie geword het.

Van grondvlak-inisiatiewe in Suid-Afrika tot hulpverlening in Japan beklemtoon hierdie gesprek die diep verbintenis tussen ons kerke en die voortdurende behoefte aan ondersteuning, gebed en betrokkenheid van die wêreldwye Christelike gemeenskap.

Kontak Stéphan (Missie Japan):

- Webwerf: **www.missiejapan.co.za**
- E-pos: **jsvdwatt@gmail.com**

**Lees hier »**

**Getuienisaksies**
*Deur dr Enrico Casaleggio*

# Islam-reeks

## *Kernpunte oor die belydenis dat Jesus waarlik God en waarlik mens is*




***Foto:** Die oudste bekende ikoon van **Christus Pantocrator** by Saint Catherine's Monastery. Die twee verskillende gesigsuitdrukkings aan weerskante beklemtoon Christus se **tweeledige natuur** as beide goddelik en menslik (Wikipedia).*

Ons het nou reeds vir 'n aantal kere gekyk na Moslems se besware teen die godheid van Jesus, iets wat vir hulle 'n godslasterlike idee is. 'n Leerstuk wat onlosmaaklik daaraan verbind is, is die twee nature van Christus, naamlik dat Hy waarlik God en waarlik mens is. Ons het ons in kort vergewis van wat die Bybel daaroor te sê het en ook hoe om die Koran, met teksverwysings, te benut om teenoor Moslems te getuig dat hierdie leerstuk die waarheid is.

Voordat ons van hierdie baie belangrike saak afstap en na ander apologetiese kwessies in ons gesprek met Islam kyk, is dit belangrik om net in kort na die leerstuk van die twee nature van Christus te kyk, sodat ons vanuit die Bybel en die leer van die kerk op 'n *kernagtige* manier 'n greep daarop het. Die oortuiging dat Jesus beide mens en God is, is 'n sentrale beginsel van die Christelike teologie, bekend as die leerstelling van die Menswording of die Inkarnasie.

Hier is 'n paar sleutelpunte wat verduidelik waarom ons glo dat Jesus waarlik mens en waarlik God is:

1. Bybelse Grondslag: Die Nuwe Testament bevat verskeie gedeeltes wat die tweeledige natuur van Jesus bevestig. Johannes 1:1-14 praat byvoorbeeld daarvan dat die Woord (Logos) by God was en self God is, en toe vlees, oftewel mens geword het en onder ons kom woon het. Filippense 2:6-7 beskryf hoe Jesus, wat in die gestalte van God was, mens geword het deur die aard van 'n dienskneg aan te neem.

2. Teologiese verduideliking: Die Christelike teologie leer dat Jesus die tweede Persoon van die Drie-eenheid is. As God het Jesus nog altyd (van ewigheid) bestaan en is Hy gelyk aan God die Vader en God die Heilige Gees. In die Menswording het Jesus egter ook die menslike natuur aangeneem, deur as mens uit die Maagd Maria gebore te word.

Lees meer »

# Ontdek en ontgin **gedragsbekwaamhede**

## *Sentrum vir **Predikantebegeleiding***

**Predikante Netwerk**
*Deur ds André Barlow*

Fase 1 van die Sentrum vir Predikantebegeleiding werk met agt bekwaamhede wat geïdentifiseer is as belangrike boustene in die ontwikkeling van die vaardighede van predikante. Onder 'n bekwaamheid verstaan ons 'n kompleks van verwante kennis, vaardighede, houdings en gewoontes wat toegepas word binne 'n spesifieke konteks met 'n uitkoms wat waarde toevoeg.

'n Bekwaamheid kan waargeneem, gemeet en ontwikkel word. Die gedragsbekwaamhede waarmee gewerk word, is:

1. Afrigting en mentorskap/begeleiding
2. Besluitneming (insluitend probleemoplossing)
3. Effektiewe kommunikasie (insluitend konflikhantering)
4. Emosionele selfbestuur
5. Leierskap (insluitend verantwoordbaarheid)
6. Denkvermoë
7. Beplanning en implementering
8. Geloofsvolwassenheid (insluitend geloofsonderskeiding, "discernment")

**Lees meer** »



***Foto:*** *Canva*

# "Neem, lees!" - *insiggewend en verrykend*

**VBO Netwerk**
*Deur Mariëtte Odendaal*

> *"Hoe moet ons met die **nuus** omgaan?"*

Vanaf 2 tot 4 September bied die NG Kerk Vrystaat se kantoor vir Bedieningsbegeleiding 'n werkswinkel aan as deel van hul Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO) vir leraars. Vanjaar se tema is "Neem, lees!" en die geleentheid vind op die gasteplaas Moolmanshoek in die Oos-Vrystaat plaas.

Hierdie werkswinkel beloof om baie insiggewend en verrykend te wees ten opsigte van die kontekstuele verstaan van die Bybelse literatuur; iets wat van kardinale belang is vir eietydse Woordbediening.

Dit word aangebied deur dr Fanie Cronjé, medeleraar van die NG Gemeente Lynnwood, Pretoria, Ou-Testamentikus en assistent-redakteur van die Tydskrif vir Semitistiek, en dr Lindie Koorts, 'n historikus en biograaf verbonde aan die Universiteit van Pretoria. Tydens die aanbieding sal hulle fokus op drie temas: "Neem, lees!" in die Bybel, die koerante en die natuur.

**Dr Fanie Cronjé** was nog altyd in sy bediening 'n gemeentedominee, met meer as net 'n belangstelling in die 'wêreld agter die teks'.

**Lees meer »**




***Foto:*** *Dr Fanie Cronjé (verskaf)*



***Foto:*** *Dr Lindie Koorts (verskaf)*




# **Gelowig** nagedink oor die erediens: *Gemeentesang*

Gemeentesang was van die begin af 'n integrerende deel van die erediens. Reeds in Oud-Israel was dit so. Koning Dawid het baie moeite gedoen om koorsang en gemeentesang in die erediens uit te bou. Hy het uit die Leviete 'n magtige groep tempelsangers aangestel om die gemeentesang te lei en te begelei (1 Kron 6:31 e.v.). Ons het 'n hele Psalmboek wat in Oud-Israel die liedbundel van die "kerk" was; ook Jesus se liedboek. Leviete soos Asaf en Korag het vir ons wonderlike psalms nagelaat. Dis jammer dat ons al minder psalms sing.

**Deur Jaco Thom**
*Oorgeneem uit Bybelkoerant*

Van die oudste dele van die Nuwe Testament is ook gemeenteliedere, soos byvoorbeeld Fil 2:5-11. Mettertyd het die gemeentesang egter verskraal, en is dit vervang deur die koorsang van 'n voltydse koor. Dit het die aanbidders se aandeel in die erediens grootliks verskraal tot toehoorders. Dis nie hoe dit behoort te wees nie. Gemeentesang is daar sodat die gemeente aktief aan die gesprek met God in die erediens kan deelneem, hetsy deur 'n loflied, 'n aanbiddingslied, 'n skuldbelydenis, 'n geloofsbelydenis, 'n gebed, of 'n antwoord op die preek. Daarom is enige geestelike lied nie noodwendig geskik vir gemeentesang nie. Die liedere wat gesing word, behoort aan die gemeente bekend te wees, sodat hulle kan saamsing. Dit is immers gemeentesang, nie 'n item wat die begeleiersgroep alleen sing nie (hoewel daar daarvoor ook plek is in die erediens).



**Lees meer** »

Healthcare

# Maximise your oncology benefits



Dear client

Medical schemes assist you in paying for your healthcare needs. Once a member is diagnosed with cancer and the medical scheme has approved the cancer treatment, members are covered by the medical scheme's oncology care programme, which covers the management, diagnosis and treatment of cancer. It should be noted that not all cancers qualify for the guaranteed Prescribed Minimum Benefits (PMB).

Gap cover products pay the medical expense shortfalls that arise when medical schemes do not cover what doctors and specialists charge for in-hospital and certain out-of-hospital treatments, including co-payments on approved endoscopies, MRI and CT scans as well as cancer-related claims. If your cancer treatment costs more than the cover amount on the medical scheme package or if the medical scheme pays up to a percentage for all treatment that falls outside of the Prescribed Minimum Benefits (PMBs), you may need to pay the balance from your pocket or claim benefits from your gap provider.

In this newsletter, we unpack how this benefit works and the steps you need to take to ensure that the oncology benefits offered by your health products are used optimally.

***Click the arrows below to explore detailed information about the various oncology benefits offered:***

## Medical Schemes

- Bestmed
- Bonitas
- Discovery Health
- Fedhealth
- Medihelp
- Medshield
- Momentum
- Sizwe Hosmed
- Umvuzo

## Gap Cover

- Admed
- Ambledown
- Cinagi
- Kaelogap
- Stratum Benefits
- Total Risk Administrators
- Turnberry

Yours in health
**Alexander Forbes Health**

# Gerontologie
Betekenisvolle **veroudering**

*Lize Vermeulen*
*Professionele Boedelkundige*



**Gerontologie Netwerk**
bied GRATIS aan

# KRY NOU AL JOU ***BOEDELDOKUMENTE*** IN PLEK

*Alles wat jy moet weet*

**11 SEPTEMBER | 09:30 - 11:30 | ENGOSAAL, WESTERBLOEM**

**tinyurl.com/bdhh4uv9** Skakel hier **aanlyn** in

**082 783 0730** **WhatsApp "JA"**
om te **RSVP** voor **6 SEPT**

© 2024 | NG Kerk Vrystaat

BEDIENINGSBEGELEIDING



# IS DIT "ABLE-ISM" *waaraan ons ly?*

Deur **ds Janke Hurter**, Erediens Netwerk

Ek het onlangs 'n boek genaamd "Digital liturgies" (2023) geskryf deur Samuel James begin lees. Dit vertel hoe ons aanlyn deelname besig is om ons op 'n etiese manier te vorm asook hoe ons oor ons werklike realiteit wat ons in ons liggame beleef, dink. Ons word gevorm, nie bloot deur die inhoud wat ons aanlyn ontvang nie, maar ook die omgewing van aanlyn waarin ons beweeg. James verwys na Wallace se toespraak wat hy aan 'n groep studente gemaak het om die punt verder te illustreer:

*"Wallace began his speech to the graduating class with a short fable. Two young fish are swimming in the ocean, and eventually an older fish greets them. "Hello, boys. How's the water?" The two young fish look at each other completely confused, and then ask: "What is water?" "The point of the fish story," Wallace explained, "is merely that the most obvious, important realities are often the ones that are hardest to see and talk about."*

Volgens James is die aanlyn omgewing ook iets wat van ons minder mens maak. Hy verwys veral na ons etiese optrede in hierdie verband. Of dan, die wyse waarop ons ander liggame ontvang en verwelkom. Ons aanlyn deelname oefen 'n invloed uit op die gedagtes wat ons vorm oor wat aanvaarbaar, goed en reg is. En dra daartoe by dat ons vinnig gefrustreerd raak met ons eie liggame wat nie die ideale wat ons stel, bereik nie.

Vir Basselin in sy werk *Why theology needs disability* (2021) is dit juis die liggaam van 'n persoon met 'n gestremdheid wat vertel van broosheid en afhanklikheid, maar terselfdertyd ook getuig van ons gesamentelike broosheid en afhanklikheid as gelowiges. Ons afhanklikheid van God en ook van mekaar.



**Foto:** *Ds Janke Hurter (verskaf)*

Lees meer »

# CLARENS HERMITAGE

## LEIERSKAP NETWERK




**Ds Jan Venter** | Leierskap Netwerk

"Clarens se weergalose stilte omvou 'n mens in die nag sodat die dag se ervarings diep gebêre word en 'n mens se siel kan rus."

**Bespreek »**

| | |
|---|---|
| **22 - 26** | **SEPTEMBER** |
| **20 - 24** | **OKTOBER** |
| **24 - 28** | **NOVEMBER** |


BEDIENINGSBEGELEIDING



NG Kerk Vrystaat

# Barend Wessels Gedenksentrum







## MEENTHUISE **TE HUUR**

**Barend Wessels Gedenksentrum** is 'n behuisingskompleks in Bloemfontein wat uit meenthuise bestaan en is sentraal geleë naby winkelsentrums. Dié meenthuis-kompleks is nie 'n aftree-oord nie en ook nie diere-vriendelik nie.

### HUURBEDRAG

**R7,615** / MAAND

### MEENTHUIS SE LIGGING

NP van Wyk Louwstraat,
Langenhovenpark, BFN, 9301

### KENMERKE

- 2 Slaapkamers
- 1 Badkamer
- 1 Motorhuis
- 110 m²


KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING
ngkerkvrystaat.co.za
ontvangs@ngkvs.co.za
(051) 406 6700

# Ondersteun bedieningsopleiding en barmhartigheid

## RING VAN SUIDOOS-BFN




*Deur **Mariëtte Odendaal***

*Ringe in samewerking met **Sinodale Bedieninge***

*"Die fondse wat hiermee ge-in word, word volledig gebruik om met die verligting van die nood van mense in die dorp te help. Die gemeente is self in 'n oorlewingstryd gewikkel en hierdie projek help om die druk op die gemeentebegroting aansienlik te verlig."*

Die NG Kerk Vrystaat het in die 2023/24-boekjaar 'n bedrag van R30 000 aan elkeen van die 15 Vrystaatse ringe beskikbaar gestel om gesamentlike ringsprojekte te ondersteun. Die versoek was dat diens in samewerking met 'n sinodale bediening gelewer moes word. "Wat die Ring van Suidoos-Bloemfontein betref, is daar by die sinodale bedieninge Bedieningsbegeleiding, Diens van Barmhartigheid en Vennote in Getuienis ingeskakel," vertel ds Charles James, skriba van die Ring van Suidoos-Bloemfontein. Hulle ring ondersteun bedienings-opleiding en 'n barmhartigheids-projek. Ons het meer gaan uitvind.

**Charles, vertel ons meer van die bedieningsopleiding wat deur julle ring ondersteun word.**

"Graag. Ons het die opleiding van dr Elrika Senekal van der Berg, lidmaat van die NG Gemeente Pellissier, as diensleraar ondersteun.

"Dié ringsfonds het dit vir haar moontlik gemaak om die baan as diensleraar te voltooi. Na haar legitimasie is sy in die pos van spanleier vir die sentrale streek van die Bybelgenootskap aangestel en is sy deur die NG Gemeente Pellissier beroep met opdrag Bybelgenoot-skap.

"Ons het ook dié fonds aangewend om Andreas Nieuwoudt se opleiding in pastoraat en prediking by die Hugenote Kollege as bedienaar te subsidieer asook sy bedienaarsbaan by die kuratorium van die NG Kerk Vrystaat.

Lees meer »



mission ミッション missie
JAPAN

**GEDRING DEUR CHRISTUS SE LIEFDE OM BRUGBOUERS TE WEES IN JAPAN**

www.missiejapan.co.za

# NG Kerk Vrystaat verwelkom Missie Japan in Suid Afrika 24 Mei 2024 - 7 September 2024

## 'n Woord van Dank
感謝の一言

Missie Japan is 'n vrywillige geloofsaksie en die werk in Japan bly ten volle afhanklik van jou ondersteuning. Ons waardeer opreg elkeen se gebede, meelewing en betrokkenheid by ons.

**Ons verkondig nie onsself nie maar, Jesus Christus as die Here, en onsself as julle dienaars ter wille van Jesus"**

2 Korintiërs 4:5

## Missie Japan Bankbesonderhede
ミッション・ジャパンの銀行口座

**Rekeningnaam | Missie Japan**
**Bank | ABSA**
**Takkode | 632005**
**Rekeningnommer | 4049690248**
**Verwysing | Eie Naam en Van**

## Kontak ons Medewerkers
宣教師へのお問い合わせ

**Stéphan**
jsvdwatt@gmail.com
**Carina**
cvdwatt@gmail.com
**Tobie**
tobiedewet@hotmail.com
**Annalie**
annaliedewet1@gmail.com

mission ミッション missie
JAPAN

www.missiejapan.co.za

Postgraduate Studies

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# Grieks is nie Grieks nie

*Inspiring excellence. Transforming lives.*



**Dr Annéli Machin**
*Departement Ou en Nuwe Testamentiese Studies, UV*

VISION 130 Renew and Reimagine for 2034 | University of the Free State | Universiteit van die Vrystaat | Yunivesithi ya Freistata | UFS Theology and Religion




*Idees Vol Vrees deur Kobus Galloway*

"Dit is Grieks vir my!" Die meeste van ons ken hierdie uitdrukking wat ons gewoonlik op spreekwoordelike wyse gebruik wanneer iets vir ons moeilik of onverstaanbaar is. Dit is ook 99% van die tyd mense se reaksie wanneer hulle hoor dat ek 'n dosent in Grieks by die Universiteit van die Vrystaat is; en volgens my studente word hulle ook gereeld met dieselfde uitdrukking begroet!

Maar gelukkig is daar ook dié wat vra: "Hoekom Grieks?"

Aan die begin van hulle studies antwoord die meeste studente hierdie vraag met "My kerk vereis dit" of "Ek het dit nodig vir my graad", maar met verloop van tyd kom die meeste gelukkig tot ruimer insigte en besef hoe waardevol en ononderhandelbaar 'n kennis van die Bybel se oorspronklike tale vir die verstaan en interpretasie daarvan is.

Kom ek illustreer dit met 'n (vereenvoudigde) voorbeeld uit die klaskamer. Die 1933/1983- en 2020-vertalings van Kolossense 3:23 is as volg: *"(En) wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here ..."* (1933/1983) en *"Wat julle ook al doen, werk met geesdrif, soos vir die Here ..."* (2020). Let op die onderstreepte werkwoorde. Hieronder is skermgrepe van Kolossense 3:23 soos dit in die toepassing (app) *Scripture Direct* verskyn.

Dit is in die formaat van 'n Grieks-Engels interliniêre teks. As 'n mens op 'n Griekse woord klik, word die direkte Engelse vertaling daarvan onderstreep (sien boonste gedeelte van skermgrepe). As jy twee keer klik, verskyn die grammatikale ontleding en moontlike betekenisse van die woord. Die betrokke betekenis wat in die spesifieke teks van toepassing is, word uitgelig (sien onderste gedeelte van skermgrepe). Die twee onderstreepte woorde in die toepassing word met "do" en "work" vertaal en is basies dieselfde as in die Afrikaanse vertalings. Wanneer 'n mens egter die betekenisse van die twee oorspronklike Griekse woorde in ag neem, is daar 'n duidelike verskil in intensiteit tussen die twee werkwoorde: "to do or perform (highly generic for almost any type of activity, though not ...


Lees meer »


# *The Church of Central Africa Presbyterian* 1924-2024

**Edited by Mwawi N. Chilongozi and Kenneth R. Ross**

*ENGLISH / ACADEMIC & THEOLOGY*

*The broader Church of Central Africa Presbyterian (CCAP) comprises five synods: Livingstonia, Blantyre, and Nkhoma in Malawi, Harare in Zimbabwe, and Zambia. Rooted in Scottish and Dutch Reformed Church missions, the CCAP has thrived for a century, becoming one of the largest Reformed Church bodies in Southern Africa. Key figures like Dr James Stewart and Rev. Andrew Charles Murray were instrumental in its foundation, with the Murray legacy enduring through successive generations dedicated to mission work. "The Church of Central Africa Presbyterian 1924-2024: A Centenary Assessment" celebrates this centennial milestone with an in-depth exploration of the CCAP's rich history, significant achievements, and ongoing challenges. Edited by Mwawi N. Chilongozi and Kenneth R. Ross, the volume features contributions from a diverse group of scholars, offering a comprehensive overview of the church's journey. "The Church of Central Africa Presbyterian 1924-2024: A Centenary Assessment" is an essential resource for scholars, theologians, and anyone interested in the history and future of one of Africa's most influential religious institutions. With its rich narrative and scholarly rigor, this book honours the legacy of the CCAP while providing valuable insights for its continued growth and impact.*




CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

***Oorgeneem uit***
*shop.clf.co.za*

## MEDIATEEK **INVENTARIS** »

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**

# EKOLOGIE




***Oorgeneem by** VrydagNuus, Kaapkerk*

"Natuurrampe gaan vanweë klimaatsverandering meer intens en meer dikwels in die toekoms voorkom. Dit gaan ons almal se verhoudinge onder druk sit. Ons sal moet leer hoe om ons eie en mekaar se keelvol-gevoelens te erken en te bestuur." So waarsku David Botha, eko-korrespondent van ons Groenspan, oor hoe die effek van natuurrampe en weerstoestande 'n invloed op ons onderlinge verhoudings kan hê. "Hierdie feite stel die ekumeniese kerk voor groot uitdagings. Geestesgesondheid en verhoudings is immers wesenlik deel van die kerk se agenda. Een van die terreine waar die kerk ernstig oor hierdie uitdagings sal moet dink en beplan, is teologiese opleiding. Leiers van geloofsgemeenskappe sal vir die groter en intenser-wordende *very much reality* en die impak daarvan toegerus moet word."

Lees meer daaroor HIERONDER.

**GETUIENISAKSIE**
Eenheidsbediening
- VGKSA Streeksinode Kaapland
- NG Kerk in Suid-Afrika
- Reformed Church in Africa

**Lees hier »**

# VERJAARSDAE



VEELS *geluk*

NG Kerk
Vrystaat

## SEPTEMBER

**01** Ds Stoffel Hellmuth
ONZE RUST

**04** Ds Jan Lubbe
BERG-EN-DAL

**11** Mnr Johan Coetzer
SINODALE KANTOOR

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**

Hierdie pakket is 'n versameling van Deon Loots se werke oor Dissipelskap.

**Die pakket sluit in:**

- ***Geniet God***
- ***Die stem van die Herder***
- ***Wat die Hart van vol is, en***
- ***In die spore van die Herder***




Koop hierdie reeks **vir slegs R999**
*(BTW ingesluit, posgeld uitgesluit, netto prys)*

***Die spesiale aanbod sal geldig wees van 5 - 30 Augustus 2024***

**Koop dit hier aanlyn**

*Beskikbaar by alle **CLF Boekwinkels***

CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS


## CLF-NUUSBRIEF

**Getuies in Eenheid**
*Lente 2024*

**Lees hier** »

CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

South African
Council of Churches

# *Women's Month*
## Leadership Profile:

Breaking Barriers:

## Rev. Dr. Nioma Venter's

Journey in Church Leadership
Dutch Reformed Church

**Theme:** *"Honouring the Vital Role of Women in Church Leadership"*

In a groundbreaking move, Rev. Dr. Nioma Venter was appointed General Secretary of the Dutch Reformed Church's General Synod, marking a significant milestone for women in church leadership. This dual-skilled professional, with expertise in social work and theology, brings a wealth of experience to her new role, which she assumed on February 1, 2024, at the Synod's office in Hatfield, Pretoria. Dr. Venter's journey to this position is marked by impressive academic achievements, including a master's degree in social work and a doctorate in theology. Her professional path includes 16 years in social work and 16 years of dedicated service in ministry. Since 2008, she has served as a congregational minister in Prieska and Worcester, as a synodal minister in the Western Cape Synod of the Dutch Reformed Church, and now as the General Secretary of the church's General Synod. Her unique ability to integrate social work and theology sets Dr. Venter apart, enriching her current role and contributions. This interdisciplinary approach allows her to address the community's spiritual and social needs, bringing a holistic perspective to church leadership.

**Challenges as a Female Leader**

Dr. Venter shares candid insights into her challenges as a female leader in a predominantly male ecclesiastical environment. "Often, as a woman, you feel physically invisible when entering a room," she reflects. "I have frequently been mistaken for the spouse of a male colleague. I even find that some uninformed individuals misinterpret my title of 'General Secretary' as a personal assistant role of some kind." Dr. Venter is also transparent about the internal struggles she frequently encounters. She reflects on the necessity to "think twice before speaking," ensuring clarity of facts and intelligent contributions.



As she puts it, these silent doubts often manifest in a pressure to "run with the wolves," highlighting the ongoing challenges women face in leadership roles. This implies keeping pace in a competitive environment, adapting to a different (male) culture, transforming it into a more inclusive environment, proving oneself by demonstrating strength, resilience, and capability, surviving in potentially hostile situations, and balancing authenticity with conformity. The struggle is always between maintaining one's unique identity as a woman leader and trying to fit into the existing leadership paradigm. It requires constant vigilance," she says.

**Encouragement to Young Women**

Despite these challenges, she remains optimistic about the changing landscape for women in leadership. "I encourage young women not to hesitate but to put themselves forward for leadership positions," Dr. Venter states. "I've experienced great appreciation for the authentic leadership roles that women play."

Her recent election as Vice Chairperson of the Church Unity Commission, an ecumenical body that promotes church unity, further underscores her influence in fostering inclusivity and collaboration within the Christian community. As we celebrate Women's Month this August, Dr. Venter's appointment serves as a beacon of progress, inspiring the next generation of female leaders in religious institutions and beyond. Her 32-year career, evenly split between social work and ministry, exemplifies the diverse experiences and perspectives women can bring to leadership roles, demonstrating the value of interdisciplinary approaches in addressing complex societal and spiritual challenges.

AUGUST 2024

@OfficialSACC

# NEURODIVERSITEITS BEDIENING



## • WAT IS NEURODIVERSITEIT?

Neurodiversiteit verwys na die variasies in die menslike brein wat betref sosiale gedrag, inligtingsprosessering, kommunikasie en sensoriese profiele. Binne hierdie kategorie kry ons neurodivergente mense wat merkwaardig verskil van wat ons as tipies beskou bv. individue op die outisme spektrum, met Aandag Afleibaarheid/Hiperaktiwiteit Sindroom, Disleksie, ens. Baie van hierdie gesinne vind dit moeilik om in 'n gewone erediens tuis te wees. **Hoe nou?**

## • DROOM, GROEI EN BEPLAN SAAM

Ons wil 'n **leergemeenskap** aanlyn ontwikkel waar ons saam kan leer, droom en groei rondom gefokuste ondersteuning van hierdie gemeenskap. Kom gesels saam en deel waarmee julle gemeente besig is. Kom vind meer uit hoe lyk 'n bediening aan ouers en kinders wat anders funksioneer.

Kontak Jan Theron by 0720622266. Of gebruik hierdie QR kode om op by die WhatsApp groep aan te sluit.




## Afskeid van Dr Kobus Myburgh
## Afsluiting Kerkeie Opleiding 2024

Belangstellendes word vriendelik uitgenooi na die afskeidsgeselligheid van dr Kobus Myburgh, wat gedien het as hoof van Kerkeie Opleiding aan die Universiteit van Pretoria se Fakulteit Teologie en Religie. Daar word ook van hierdie geleentheid gebruik gemaak om die afsluiting van die Kerkeie Opleiding te doen, waar ons vierdejaars hul preekbevoegdheid-sertifikate ontvang.

**Hierdie erediens en funksie vind plaas op 23 Oktober 2024 om 18:00 by Universiteitsoord Gemeente.**




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »





Klik hier »




Klik hier »

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## GELOOFS-VORMING IN ONS GEMEENTES

2 September

20 VBO-punte

Aanlyn webinaar
Fasiliteerder
Dr Tom Smith

Lees meer +
**Registreer** +





## CLS-SA GEMEENTE-PROFIEL

7 September

R120 p/gemeente

Werkswinkel
Prof Kobus Schoeman

Lees meer +
**Registreer** +




## LENTE-KONFERENSIE 2024

17 - 19 September

30 VBO-punte

*Lig soos 'n veer op die Asem van God ...*

Lees meer +
**Registreer** +




## HOE HANTEER ONS JEUGWERK?


8 - 10 Oktober

30 VBO-punte

Aanlyn webinaar
vir leraars en leiers
R250 p/persoon

Lees meer +
**Registreer** +

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE



## BEDIENINGS-DIAGNOSE WERKSWINKEL

4 - 6 November

20 VBO-punte

Sluit: 25 Oktober
Kursusleier
Prof Malan Nel

Lees meer +

**Registreer** +



## BRUGBEDIENING UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

4 - 7 November

70 VBO-punte

Week 1
Kursusleier
Prof Malan Nel

Lees meer +

**Registreer** +



## JAARKURSUS KINDERS EN JONGMENSE

Pastorale Sorg

55 VBO-punte

Aanlyn kursus
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +

**Registreer** +



## EXCELSUS JAARPROGRAM 2024

2024

VBO-punte

Teken die verskillende kursusse aan

Teken aan +

**VBO-profiel** +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE

Loer hier na ander sinodalestreke se nuus

## BROKKIES UIT kerkbode

**#Verskilmaker van die Maand: Weer maatskaplike werker op 60 om iets vir ander te doen**
*Kerkbode / 29 Augustus 2024 / Badisa*

ELDERS GESIEN
**Jan Lubbe skryf: Herderlike brief by die begin van die lente 2024**
*Kerkbode / 28 Augustus 2024 / Nuus*

**Oudste Bybeldagboek 'n intieme ontmoeting met die Here, vertel skrywer**
*Kerkbode / 28 Augustus 2024 / Artikels*
*Heléne Meissenheimer*

NADIA MARAIS
**Die geskenk van sagtheid**
*Kerkbode / 28 Augustus 2024 / Gedagtes oor kerkwees / Nadia Marais*

PREDIKANTENOOD
**'Ons sal meer diensleraars moet gebruik'**
*Kerkbode / 27 Augustus 2024 / Artikels*

**Universele basiese-inkomste-toelae: Ook NG Kerk wys steun vir plan wat siklus van armoede wil breek**
*Kerkbode / 15 Augustus 2024 / Nuus*
*Le Roux Schoeman*

Bybel-Media

**Publikasie**
*Geroep vir 'n tyd soos hierdie*
*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

**Publikasie**
*Lekkergoed vir die lewe*
*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

**Publikasie**
*'n Ewige kroon*
*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NUUT

**GEMEENTE**GEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

**2024**

**ADVERTEER AANLYN** HIER

of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

www.ngkerkvrystaat.co.za

NUUT

VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

# Predikantenuus | VRYSTAAT

### BEROEP

**Dr Christo Fourie** (lidmaat by NG Gemeente Heuwelsig) is op 13 Augustus beroep na die NG Gemeente Petrusburg as deeltydse leraar vir drie (3) jaar. **Dr Gretha Heymans**, vroeër van Reddersburg, is beroep na die gemeentes van Fauresmith en Jagersfontein. **Ds Christo Nel** van NG Gemeente Riebeeckstad is beroep na NG Gemeente Wesselsbron.

# ’n **Unieke Koning** vir Koninkrykstyd

***Deur ds Mias Nortier**,*
*leraar van NG Gemeente Jacobsdal*



**Foto:** *Ds Mias Nortier (verskaf)*

5 ***“Sing vir God, besing sy Naam! Verheerlik Hom wat op die wolke ry – HERE is sy Naam – jubel voor Hom!”***

Psalms 68:5 AFR20

Tans is ons in Koninkrykstyd van die kerkjaar. Wat beteken dit en maak dit enigsins saak in hierdie deurmekaar wêreld van ons? Om lig op hierdie onderwerp te plaas, gaan ons nou grawe in die literatuur van die Antieke Nabye Ooste, om te verstaan wie is eintlik Koning en waarom ons Hom moet aanbid as triomfantelike heerser oor die gebroke Skepping.

*“In Jesus Christus vind ons die vervolmaking van hierdie unieke God.”*

In die Epiese gedigte van Baäl lees ons die volgende:

“Inderdaad, sê ek vir jou, prins Baäl
Ek beklemtoon aan jou, jy wat op die wolke ry:
Vernietig jou vyande, Baäl
So, jy moet jou koningskap aanneem
Jou ewigdurende heerskappy.”

Dit was geskryf in die konteks van die stad Ugarit (geleë in moderne Sirië), waar die mense van daardie gebied die Kanaänitiese gode aanbid het en geglo het die god Baäl is in die besonder triomfantelik oor die natuur en al sy vyande. Baäl word uitgebeeld as ’n magtige vegter wat kosmiese chaosmagte beveg en verslaan, veral Jam (die seegod) en Mot (die god van die dood). Sy oorwinnings vestig hom as die koning van die gode en bevestig sy beheer oor die natuur, veral die weer. As ’n ‘stormgod’ word Baäl geassosieer met donderweer, weerlig, reën en vrugbaarheid, wat hom ’n deurslaggewende figuur maak vir die landbougemeenskap wat hom aanbid het. Al was hy beskou as hierdie magtige god, was hy nie uitgebeeld as ’n sagte god wat werklik omgee vir sy mense nie. Hy het hoofsaaklik aan hulle voorsien in reën en vrugbaarheid. In antwoord hierop het die volk Israel in verskeie van die Psalms melding gemaak daarvan dat die eintlike triomfantelike God die Here (Jahweh) is.

**Lees hier »**



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE
# INLIGTING
# BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**

NG KERK VRYSTAAT | © 2024

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING